Sondagskool 1

Lestitel: Jesus is my beste vriend

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les **“Jesus is my beste vriend”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Jesus is my beste vriend
Bybelwoord	Gaan die laaste drie lesse na.

Lesdoelwit	Die kinders word daaraan herinner dat God hulle liefhet en dat hulle die Here Jesus moet aanvaar as die beste vriend wat hulle moontlik kan hê. Hy is naby hulle deur sy diensknegte.

Lesopsomming:

• Jesus sal altyd by jou wees, onthou dat Jesus gesê het dat niemand jou van Hom moet weghou nie.

• Ons bid omdat ons vertrou dat God na ons luister as ons bid. Hy is nooit te besig om na jou te luister nie. Hy wil jou stem hoor.

• God is eerlik, God vertel nooit leuens nie.

• Jesus het jou onvoorwaardelik lief, Hy vra nie wat jy het nie, wat jy doen nie of hoe jy lyk nie.

• Jesus is naby jou en praat met jou deur sy diensknegte en Sondagskoolonderwysers.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

• Die Here Jesus wil hê dat ons Hom vertrou en ‘n gelowige en kinderlike hart moet hê.
• Ons moet naby Jesus bly deur te bid en deur na die kerk toe te gaan.

Sommige vrae wat ons kan vra:

Deur middel van eenvoudige vrae laat ons die kinders dink en praat oor hul verhouding met Jesus Christus.

- Ken jy die Here Jesus?
- Hoe het jy Hom leer ken?
- Waar sien jy Hom nou?
- Kan jy op Hom vertrou?
- Waarom het ons so 'n vriend nodig?
- Hoe kan ons sy vriendskap verdien en behou?

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen